



**1 Petrus 2:1-10**
**Kom proe dat die Here goed...**

Net weer ‘n herinnering wat Petrus met sy eerste brief wil doen: Hy bemoedig die volgelinge van Christus in dele van Klein-Asië wat swaarkry agv hulle uitlanderskap (vreemdelingskap) en hulle lewenswyse wat hulle gekies het as Christene. Hulle swaarkry hou waarskynlik ook verband met keiser Nero se vervolging van die Christene (62-64 nC). Die brief is ‘n bemoediging aan hulle wat uitgesluit voel, onder druk is, misverstaan word en ly agv hulle geloof. Dit is ‘n oproep tot veerkragtigheid, om karakter te behou, met hoop te leef, bereid te wees om teen die stroom te gaan in moeilike tye eerder as om tou op te gooi of te konformeer.

Marié het die reeks afgeskop met Petrus se oproep om met hoop te leef – *begin with the end in mind.* Fourie het verlede week hierop voortgebou met Petrus se oproep om *in ‘n vreemde wêreld, die edele lewe te kies.*

In uitdagende tye en in onseker omstandighede, is die kollektiewe geheue van die geloofsgemeenskap wat weerklank vind in ou geloofsbelydenisse, altyd iets om op terug te val en aan vas te hou. In die sentrum van hierdie perikoop van sy brief herinner Petrus sy lesers aan ‘n ou bekende belydenis van Dawid (Ps 34:9) *moenie die smaak van die goedheid van God vergeet nie* (“taste and see the goodness of God”). En as jy eers die goedheid van God geproe het, los jy dit wat ‘n wrang smaak laat: kwaadpraat, leuens, kwaad doen en jy soek vrede en jaag dit na (Psalm 34:12-15).

Petrus vertaal Dawid se weergawe met *hou dan op met elke vorm van kwaad* (“lê alles af wat sleg is” – 2020 vertaling)*, bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraat.* En as jy eers die goedheid van God geproe het, sê Petrus *moet jy soos ‘n baba smag na moedersmelk, smag na suiwer geestelike melk, sodat daar groei kan plaasvind.*

Petrus bou hierdie *smag na suiwer geestelike melk* verder uit met ‘n oproep: *Kom na Hom toe, die lewende klip wat*

*deur mense afgekeur is...*Dit is ‘n oproep om die lewenswandel van Christus te volg. Hy vat die metafoor nóg verder en sê dat as volgelinge van Christus hulle hulle *moet laat opbou tot ‘n geestelike huis*, ‘n skuilplek (Ps 34:9) in ‘n vreemde wêreld, maar ook ‘n plek waar jy opgebou en toegerus word om lig te gaan wees.

In ‘n vreemde wêreld waarin Petrus se hoorders hulle bevind, kan hulle maklik identiteitloos voel. Hy bemoedig hulle om te weet wie hulle is: *‘n uitverkore geslag, koninklike priesterdom, ‘n nasie, mense wat vir God afgesonder is, ‘n volk wat aan God behoort.*

Petrus se aanhaak by David se belydenis *kom proe en sien self dat die Here goed is*, het my laat dink aan die aangrypende film *Babette's Feast* (1987) gebasseer op die kortverhaal van Isak Dinesen.

Die verhaal speel af in ’n afgeleë Deense dorpie. Twee bejaarde susters, Martine en Philippa, woon in ’n streng godsdienstige gemeenskap wat deur hul oorlede pa se sober oortuigings gevorm is. Jare tevore het hulle ’n Franse vlugteling, Babette, ingeneem wat uit politieke geweld in Parys gevlug het. Babette werk vir baie jare as hul huishulp en leef eenvoudig sonder om iets terug te vra.
Op ’n dag hoor Babette dat sy ’n groot loteryprys in Frankryk gewen het. In plaas daarvan om die dorpie te verlaat en haar vryheid in Parys te gaan uitleef, vra sy die susters se toestemming om ’n weelderige Franse ete voor te berei ter herdenking van hul pa se sterfdag. Die susters en hul mede-dorpsbewoners—wat versigtig is vir uitspattigheid, genot en oorvloed—stem huiwerig in, bang dat die ete sondig kan wees.

Babette spandeer al haar geld op ’n buitengewone, oorvloedige maaltyd. Soos die dorpenaars eet, probeer hulle aanvanklik hul genot onderdruk, maar die ete begin hulle stadig *verander*. Ou konflik versag, wrokke verdwyn, en die dorpsgemeenskap ervaar ’n gevoel van versoening en vreugde.

Aan die einde onthul Babette dat sy eens ’n bekende sjef in Parys was en dat die ete haar hele fortuin gekos het.

Petrus se keuse van die metafoor van ‘n tafel saam met Christus is betekenisvol. Is dit nie aan verskeie tafels saam met Hom dat mense se lewens getransformeer is nie? Saggeus, Maria wat in stilte aan tafel Jesus se voete kom salf, die etes saam met sy dissipels, Petrus en die ander dissipels langs die viswaters na ‘n nag sonder om ‘n vis te vang en Jesus vir hom sê om die net anderkant in te gooi, en Hy wat hulle dan nooi om saam te kom eet. Jesus dan die vis en brood uitdeel en sy intieme gesprek met Petrus – nóg ‘n tafel, die proe van die goedheid van God wat verandering bring...

Die smaak van die goedheid van God laat niemand onaangeraak nie. Dit los die kwaad en kies die goeie, dit laat vergewe, dit maak ons los, vry en ruimhartig.

Kom proe dat die Here goed is!